

BESIGHEIDSTUDIES: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n Antwoordboekie van 5 bladsye (i – v). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Haal die Antwoordboekie uit die middel van die vraestel en maak seker dat jy dit inhandig. Maak ook seker dat jy jou eksamennommer in die spasie op die Antwoordboekie skryf.
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. Al die vrae is verpligtend.

Afdeling A (Vraag 1 – 3) moet in die **Antwoordboekie** wat **voorsien** is, beantwoord word. **Afdeling B** (Vraag 4 – 6) bestaan uit DRIE korterantwoord-tipe vrae. **In hierdie afdeling moet Vraag 4 in die Antwoordboekie wat voorsien is, beantwoord word.** Vraag 5 en 6 moet in jou antwoordboek beantwoord word. Dit word duidelik in die vrae aangedui.

5. Toon insig, waar nodig, wanneer vrae beantwoord word.
 6. Beantwoord elke **nuwe vraag** op 'n **nuwe bladsy**.
 7. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae in die vraestel genummer is.
 8. Jy word aangeraai om spesifiek aandag te skenk aan die taalgebruik en die **puntetoekenning**.
 9. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A

Beantwoord alle vrae in hierdie afdeling in die Antwoordboekie wat voorsien is.

VRAAG 1

Dui die **mees korrekte** antwoord aan deur die letter van die alternatief wat jy gekies het in die spatie wat daarvoor gelaat is in die **Antwoordboekie** neer te skryf.

- 1.1 Watter een van die volgende tegnieke kan gebruik word om vas te stel hoeveel mense in 'n Wimpy-franchise benodig word ten opsigte van die werk wat gedoen moet word?
- A PESTLE
 - B Posspesifikasie
 - C Werknemerkeuring
 - D Werkslading-analise
- 1.2 Famous Brands kan nie verseker word teen ... nie.
- A diefstal van hul afleveringsvoertuie
 - B oneerlikheid van werknemers
 - C prysskommelings in buitelandse wisselkoerstransaksies
 - D skade wat deur vuur aangerig is
- 1.3 Wanneer 'n aandeelhouer aandele op die aandelebeurs koop en verkoop met die voordeel van toegang tot vertroulike inligting, word dit ... genoem.
- A industriële spioenasie
 - B binnehandel
 - C fluitjie blaas
 - D mededingende advertering
- 1.4 Steers moet die prestasie van hul werkers evalueer sodat ...
- A regstellende stappe gedoen kan word om die prestasiegaping te verklein.
 - B die franchise se prestasie ooreenstem met Famous Brands se visie en missie.
 - C daar aanspreeklikheid by die franchisenemer kan wees.
 - D Al die bogenoemde.
- 1.5 Watter een van die volgende kan beskou word as 'n doelstelling van die JSE Sosiale Verantwoordelikeheidsindeks (SVI)?
- A Om maatskappye te identifiseer wat Drievoudige Verslagdoening ondersteun.
 - B Om 'n raamwerk te verskaf wat help om uitdagings vanuit die markomgewing te ontleed.
 - C Om voldoening aan die Padongelukkefonds te bevorder.
 - D Om leiding aan die bestuur te verskaf met beleggingsdiversifikasie.

- 1.6 Tydens 'n konfliktsituasie besluit die bestuur om 'n derde party te gebruik om raad te gee om die konflik op te los. Dit staan bekend as ...
- A oordrag van vaardighede.
 - B mediasie.
 - C arbitrasie.
 - D vermyding.
- 1.7 Die waarskynlikste invloed van 'n resessie op Steers sal ... wees.
- A 'n toename in lone
 - B 'n toename in afleggings
 - C 'n afname in dissiplinêre griewe
 - D 'n toename in werkers se bedingingsmag
- 1.8 Watter een van die volgende sal 'n goeie rede vir 'n Famous Brands bestuurder wees om 'n laissez faire leierskapstyl te gebruik?
- A Die bestuurder het hoogs ervare en vaardige werkers.
 - B Die bestuurder het 'n projek met 'n streng spertyd.
 - C Daar is 'n behoefte aan meer gestandaardiseerde produkte.
 - D Daar bestaan 'n potensieel gevaarlike werksituasie.
- 1.9 Die ... beleid word geïmplementeer om die gaping tussen Famous Brands en 'n Steers-franchise te oorbrug om te verseker dat Steers hul produkte op die regte tyd en regte plek ontvang.
- A produk-
 - B kommunikasie-
 - C verspreidings-
 - D prys-
- 1.10 'n Aandelemakelaar beveel aan dat die finansiële bestuurder van Famous Brands ondersoek moet instel na beleggings sonder inkomste, maar met die moontlikheid om hoë kapitaalgroei te genereer. Die aandelemakelaar stel 'n belegging in ... voor.
- A ekwiteite
 - B geldmarkrekeninge
 - C verhuurbare eiendom
 - D versamelitems

[20]

[Afgelaai van bron:
<<https://www.famousbrands.co.za>>]

VRAAG 2

Al die volgende stellings is **ONWAAR**.

Verander die **woord(e) in vetdruk** in elke stelling sodat die stelling **WAAR** is.
Skryf slegs die **korrekte woord/term** in die Antwoordboekie wat voorsien word.

- 2.1 Die Wet op **Vaardigheidsontwikkeling** spreek kwessies rakende werksure, kraamverlof en die kennisgewing van diensbeëindiging aan.
- 2.2 **Markkartering** verwys na Famous Brands se vermoë om 'n gevestigde handelsnaam in 'n onverwante mark te gebruik, bv. Debonairs begin klere verkoop met hulle handelsmerk daarop.
- 2.3 Die vermoë van 'n bestuurder om met twee of meer van sy konsultante interaktief betrokke te raak sodat hul gesamentlike effek groter is as die som van hul individuele insette, verwys na **kulturele diversiteit**.
- 2.4 'n **PESTLE**-model word gebruik om uitdagings vanuit die markomgewing te ontleed.
- 2.5 Personee**evaluering** is die proses om nuwe rekrute te leer van die kleredragkode by Famous Brands se hoofkantoor.
- 2.6 **Die Onmiddellike oorsaakklousule** dwing die versekerde om 'n volledige stel voorraadrekords te hou.
- 2.7 'n Kreatiewe probleemoplossingstegniek, waar die kostekomponente van 'n produk ontleed word met die doel om koste te verminder en die waarde van 'n produk te verhoog, staan bekend as die **RIMS-strategie**.

[14]



[Afgelaai van bron:
<<https://www.famousbrands.co.za>>]

VRAAG 3

Voltooi die sinne deur die korrekte antwoorde uit die alternatiewe hieronder te kies. Skryf slegs die **korrekte woord/term** in die Antwoordboekie wat verskaf word.

Lys van moontlike alternatiewe		
Globale Rapporteringsinisiatief	Totale Gehaltebeheer	Sielkundig
Sinergie	Rente	Belastingontduiking
Outokraties	Dividende	SEB (BEE)
Prestige	Disfunksionele	SETA
Roof	JSE Bpk.	Transformasioneel

- 3.1 'n Onafhanklike instelling wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van aanvaarbare riglyne oor ekonomiese, omgewings- en sosiale volhoubaarheid, is die _____.
- 3.2 Daar word na die opbrengs wat Famous Brands se aandeelhouders verwag om te ontvang, verwys as _____.
- 3.3 _____ is die onwettige gebruik om nie alle inkomste aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te verklaar nie.
- 3.4 'n Soort meningsverskil waar partye weier om saam te werk om 'n oplossing te vind en die taak negatief beïnvloed, staan bekend as _____ konflik.
- 3.5 _____ is 'n inisiatief wat deur die hele besigheid geïmplementeer word om die standaarde van alle aktiwiteite te beplan en te beheer om die beste produk of diens aan die verbruiker te lewer.
- 3.6 _____ is verantwoordelik vir die bevordering van leerderskappe en om fondse te beheer wat met opleiding in 'n spesifieke sektor verband hou.
- 3.7 Wanneer Wimpy 'n voedselitem as R79,99 in plaas van R80,00 op 'n spyskaart aandui, gebruik die besigheid 'n _____-faktor as deel van die besluitnemingsproses.
- 3.8 Tydens 'n krisissituasie is dit toepaslik vir bestuur om 'n _____ leierskapstyl te gebruik, om sodoende die impak op die veiligheid van die werkers te beperk.


[16]**50 punte**

[Afgelaai van bron:
<<https://www.debonairs.co.za>>]

AFDELING B**VRAAG 4**

Beantwoord hierdie vraag in die Antwoordboekie wat voorsien is.

- 4.1 Verskaf die **ontbrekende inligting** in die onderstaande skematiese diagram deur jou antwoord langs die vraagnommer op die verskafte **Antwoordboekie** te skryf.



(3)


- 4.2 Maak 'n voorstel, en gee 'n verskillende strategie vir elkeen, hoe die Famous Brands bestuurspan elkeen van die volgende etiese uitdagings doeltreffend kon hanteer:

4.2.1 Franchises wat kosprodukte verkoop waarvan die verkoopsdatum reeds verstryk het. (2)

4.2.2 'n Buitestaander wat probeer om vertroulike inligting oor werknemers te verkry. (2)

4.2.3 'n Famous Brands bestuurder is op die keuringskomitee om 'n nuwe skoonmaakmaatskappy vir die besigheid te kies. Sy vrou dien 'n tender vir die kontrak in. (2)

- 4.3 Bestudeer die volgende skematiese diagram. **Identifiseer** en **bespreek** (met voorbeelde) vir elk van die gegewe departemente 'n ander tegniek wat toegepas kan word om die **gehalte van prestasie** by Famous Brands Bpk. te verbeter.




(12)

4.4 Verduidelik, met die gebruik van 'n voorbeeld vir elk, hoe die volgende konsepte verband hou met versekering wat Steers sal moet uitneem:

4.4.1 bybetalingsklousule (3)

4.4.2 versekerbare belang (3)

4.5 Bestudeer die volgende skematiese diagram. Verskaf die **ontbrekende inligting** in die ruimte wat in die **Antwoordboekie voorsien** word.



(10)

4.5.6 Verduidelik hoe 'n Steers-franchise dissiplinêre kwessies in die werkplek kan vermy. (2)

4.5.7 Beskryf **EEN** doelstelling van kollektiewe bedinging tydens 'n arbeids-dispuut. (2)

4.5.8 (a) Bespreek **EEN** positiewe en **EEN** negatiewe uitkoms indien Steers se werknemers tot 'n staking oorgaan. (4)

(b) Noem **TWEE** gevalle waar 'n staking as onbeskermd beskou sal word. (2)

4.6 Maak 'n lys van **DRIE** elemente wat Famous Brands Bpk. in hul bemarkings-kommunikasiebeleid kan insluit. (3)

[50]

Beantwoord Vrae 5 en 6 in jou antwoordboek.**Onthou om die punttoekenning as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoorde te gebruik.****VRAAG 5**

- 5.1 Maak 'n lys van en verduidelik DRIE van die BGSEB-pilare. (6)
- 5.2 Dui die toepaslike wetgewing (Wet) vir elk van die onderstaande scenario's aan; verwys na die frases in vetdruk vir leiding met jou antwoord.
- 5.2.1 'n Debonairs-werknemer word **ernstig** in 'n motorongeluk **beseer** tydens die aflewering van 'n pizza aan 'n klant. (1)
- 5.2.2 'n Kelnerin neem **kraamverlof**, maar haar dienskontrak sluit nie 'n loonbetaling tydens hierdie verlofperiode in nie. (1)
- 5.2.3 Debonairs neem 'n **gestremde** persoon in diens om bestellings van klante aan te teken. (1)
- 5.3 Verwys na die volgende uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg:

Famous Brands se Gedragskode en Korporatiewe Bestuur

Die groep se gedragskode vereis van alle direkteure en werknemers om eerlik en met integriteit op te tree en om die hoogste etiese standaard te handhaaf. Die kode fokus op die nakoming van wette en regulasies, botsing van belange, verhoudings met klante en verskaffers, vergoeding en vertroulikheid.

Daar is 'n verbintenis tot Drievoudige Verslagdoening. (Triple Bottom Line Reporting).

[Aangepas en vertaal van bron: <<https://www.famousbrands.co.za>> (Afgelaai 24 November 2014)]

- 5.3.1 Verduidelik wat bedoel word met die term: Drievoudige Verslagdoening (Triple Bottom Line Reporting). (3)
- 5.3.2 Verduidelik, deur voorbeelde te gebruik, hoe Famous Brands 'n verbintenis tot Drievoudige Verslagdoening (Triple Bottom Line Reporting) toon. (6)
- 5.3.3 Bespreek TWEE voordele wat 'n doeltreffende etiese kode vir Famous Brands sal inhou. (4)
- 5.3.4 Wanneer kwessies van goeie Korporatiewe Beheer ter sprake kom, is dit belangrik dat bestuur 'n goeie voorbeeld moet stel. Bespreek hierdie stelling met verwysing na Famous Brands. (5)

5.4 Verwys na die volgende uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg:

Wat kan nog verkeerd gaan?

Ek bestel altyd by Great Pizza en ek kan nie onthou wanneer laas ek so teleurgesteld in enigiets was nie! Ek het hulle probeer skakel by dieselfde nommer wat ek altyd gebruik, maar geen antwoord nie. Nadat ek die bestelling geplaas het, het ek 'n teksboodskap ontvang om my in te lig dat ek aflewering teen 7:40 nm. kon verwag.

Teen 8 nm. was daar nog geen teken van die pizza nie, dus het ek besluit om hulle weer te skakel. Nadat ek herhaaldelik probeer het, het ek UITEINDELIK deurgekom. Die operateur het my vertel dat die afleveringsmotorsfiets 'n pap wiel het. Ek het gedink dis baie onprofessioneel want hulle kon my eenvoudig laat weet het. Die teksboodskap wat ek ontvang het, het gesê hulle sal my kontak as iets verkeerd is.

My bestelling is om 8:40 nm. afgelewer en die afleveringsbode het gesê daar is iets fout met die motorfiets. Die tak en die afleveringsbode se stories het nie ooreengestem nie, dus het hulle gejoj.

Na alles wat gebeur het, het ek betaal vir 'n koue en beskadigde pizza met die hoendervulsel wat slegs die helfte van die basis bedek. Wat staan ons te doen?


[Aangepas en vertaal van bron: <<http://hellowpeter.com>> (Afgelaai 24 November 2014)]

Ongelukkige klante is 'n werklikheid waarmee elke besigheid te doen kry.

- 5.4.1 Beskryf TWEE voordele wat Great Pizza het as 'n forum soos Hellowpeter.com deur klante van die besigheid gebruik word. (4)
- 5.4.2 Met verwysing na die scenario hierbo, beskryf hoe die franchisenemer van Great Pizza op die kort- en langtermyn op hierdie potensiële konfliktsituasie kon reageer. (4)

5.5 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord dan die vrae wat volg:

Markaandeelprys-kommeling van Famous Brands Bpk.



[Aangepas en vertaal van bron: <<https://www-uk.computershare.com/investor/company>> (Afgelaai 24 November 2014)]

- 5.5.1 Wat was die prys van Famous Brands Bpk. se aandele op 28 September 2014? (1)
- 5.5.2 Bespreek 'n moontlike rede vir die styging in die aandeleprys ná 23 Oktober 2014. (2)
- 5.5.3 Bespreek 'n moontlike rede vir 'n daling in die waarde van die Famous Brands aandeleprys gedurende 'n deel van September en Oktober 2014. (2)
- 5.5.4 Verduidelik wat met 'n buitelandse belegging bedoel word. (2)
- 5.5.5 Evalueer 'n belegging in Famous Brand Bpk.-aandele in terme van risiko en opbrengs. (4)
- 5.5.6 Bespreek die invloed daarvan om kort- en langtermynbeleggings as deel van 'n beleggingsportefeulje in te sluit. (4)

[50]

VRAAG 6

Lees die volgende uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg:

Menslike kapitaalontwikkeling

Famous Brands het betrokke geraak by 'n program met die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit wat gerig is op die werwing en ontwikkeling van talent in die vorm van internskappe en gegradeerdes wat opgelei word. Gedurende die oorsigtydperk is twee ingenieurs op internskappe na die Famous Brands Groep gesekondeer, wat hulle 'n praktiese kans bied om hul kwalifikasies te behaal, terwyl twee gegradeerdes (bemarking en logistiek) intensiewe opleiding ondergaan met die oog op toekomstige permanente indiensname.

Die volgende diagram toon die fokusareas van die Menslike Hulpbronne/Menskapitaal Departement van Famous Brands Bpk.:



[Aangepas van bron: <<https://www.famousbrands.co.za>> (Afgelaai 24 November 2014)]

- 6.1 6.1.1 Verduidelik die funksies van 'n vakbond as dit kom by arbeidsbetrekkinge met Famous Brands. (8)
- 6.1.2 Beskryf DRIE doelstellings van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling. (6)
- 6.1.3 Verwys na die sleutelfokusgebiede wat in die uittreksel hierbo genoem word.
- (a) Verduidelik waarom dit vir Famous Brands belangrik is om die sleutelfokusgebiede van hul Menslike Hulpbronne/Kapitaal Departement te identifiseer. (2)
- (b) Is 'Bemagtiging en talentbestuur' 'n **sterkpunt** of 'n **geleentheid** vir Famous Brands? Motiveer jou antwoord. (3)
- (c) Verduidelik hoe 'wetlike nakoming' 'n mededingende voordeel vir Famous Brands kan inhou. (3)

- 6.1.4 Die ingenieurs op internskappe is aan 'n streng keuringsproses onderwerp. Beskryf DRIE stappe wat tydens hierdie prosedure kan plaasvind. (6)
- 6.1.5 Bespreek TWEE moontlike nadele wat verband hou met Famous Brands se eksterne werwingsprogram by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit. (4)
- 6.1.6 Bepaal die verband tussen doeltreffende vergoedingsvoordele, werkersmoreel en gehalte van prestasie. (3)
- 6.2 Bespreek die invloed van die Wet op Verbruikersbeskerming op die bemarkingsaktiwiteite van Famous Brands. (10)

6.3

"Ons hoor dikwels hoe franchisegewers kla oor die uitdaging om franchisenemers nuwe inisiatiewe te laat aanneem. Nietemin, wanneer dit kom by die teenstaan van nuwe en groot idees, is die franchisegewer dikwels die probleem!"

[Aangepas en vertaal van bron: <<http://www.franchiserelationships.com>> (Afgelaai 9 September 2014)]

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord met voorbeelde wat met Famous Brands verband hou.

(5)
[50]

150 punte

Totaal: 200 punte